Golf Rule Africa
The Rand 297
MENLO PARK
0081

Cell | Sel
082 551 7232

Email | E-pos
gerhard@golfruleafrica.com

Website | Webtuiste
golfruleafrica.com

1 Maart 2010

Die reels van golf – nuwe en veranderde besluite 2010

Die reels van gholf word saamgestel deur die reels komitee van die Royal en Ancient. Sowat 130 nasionale , internasionale, amateur en profesionele organisasies is tans by die R&A affilieer.

Hierdie komitee poog om deurlopend die reels van gholf te hersien en vereenvoudig asook om interprestasie te verskaf vir n stel reel s wat agv die spel baie kompleks mag wees.

Besluite van die reels (Decisions on the rules of golf 2010/2011) het ten doel om interpretasie van die reels te vergemaklik en dus onduidelikhede uit te skakel.

.Hierdie weergawe het dus nie die reels verander nie. Vergelyk dit byvoorbeeld met die 2008 weergawe wat onder andere- die hoeveelheid strafhoue om jou eie gholfsak raak te slaan van twee na een houe te verander of- die verpligting wat op die speler geplaas is om sy bal self in n hindrenis te identifiseer.

Sommige van die nuwe besluite is as volg:

R.1.3. – Reel 1handel oor die spel en reel1.3 bepaal dat twee spelers nie mag ooreenkom om die reels van gholf uit te sluit of om enige strafhoue wat van toepassing is te ignoreer nie. Hierdie reel het betrekking op beide slag – en putjiespel en die boete is diskwalifikasie vir beide spelers. N Voorbeeld hiervan is byvoorbeeld dat spellers tydens liga wedstryde onderhewig is aan die plaaslike reels van die klub tensy die reels van die liga andersins bepaal nie. Derhalwe mag twee spelers of spanne nie ooreenkom om byvoorbeeld te plaas indien die plaaslike reels van die betrokke baan nie plasing toelaat nie of ooreenkom dat alle waterhindernisse as sywaterhindernisse beskou sal word nie.

Besluit.1-3/0.5.- Hierdie besluit verduidelik dat hierdie reel van toepassing is, al het die spelers nog nie die ooreenkoms in werking gestel nie. Indien die ooreenkoms voor die wedstryd gemaak is, word die diskwalifikasie van krag indien een van die spelers afgeslaan het. Geen diskwalifikasie is egter van toepassing indien die ooreenkoms gekanselleer word voor een van die spelers afgeslaan het nie.

R.1.4 – Reel 1.4 het te doen met aspekte wat nie deur die reels voorsien word nie. Tydens n vorige hersiening van besluite is besluit dat n speler nie n handdoek op die grond mag gooi om die bal in n knielende posisie te speel nie. Die speler mag ook nie n handdoek om sy kniee draai en dan die bal in n knielende posisie speel nie. Die speler mag egter beskermende klere byvoorbeeld n reenbroek aan trek om hom te beskerm.

Besluit 1-4/11.5 In die nuwe besluit is die bal van n speler in n netelige of stekerige posisie (?!) met die stand vir die hou so dat hy in kontak sal kom met byvoorbeeld n kaktus of by ons moontlik n haak en steek of ander doringboom. In hierdie geval mag die speler wel n handoek om sy been of lyf draai om beserings te voorkom, maar mag nie n handoek oor die plant of boom gooi om die besering te voorkom nie! Boogenoemde vrystelling is ook net van toepassing as die speler op n regverdige manier sy stand neem. Maar wat betekin dit om n regverdige stand ("fairly taking a stance") te neem?

R.13.2 – Reel 13.2 bepaal dat die speler nie die stand of le van sy bal, die area van sy voorgenome stand of swaai, sy speellyn of n redelike afsand van daardie lyn agter die putjie, mag verbeter deur enigeiets wat groei of vas is, te beweeg, buig of breek nie, behalwe indien hy dit doen om regverdig sy stand te neem. Die speler moet kortliks sy stand neem met die minste ontwrigting op die posisie van die bal, stand of swaailyn.

R.2.4 – Hierdie reel handel oor die opgee ("concession")van die wedstryd, putjie of volgende hou. Die reel bepaal onder andere dat n speler sy opponent se volgende hou mag opgee op enige stadium op voorwaarde dat die bal in n rustende posisie is, Dit word geag dat die opponent die putjie voltooi het met die volgende hou en enige span mag die bal verwyder.

Besluit 2-4/3.5 – Wat sou egter gebeur indien die joggie van speler A die volgende hou van speler B opgee?. Die joggie het nie die autoriteit om n hou op te gee nie en derhalwe is dit ongeldig! Indien speler B egter verkeerdelik aanvaar het dat sy volgende hou opgegee is , is daar geen strafhou nie en moet speler B die bal terugplaas.Speler A word ook nie gestraf nie maar sou die joggie die bal opgetel het , is speler onderhewig aan Een strafhou en moet die bal teruggeplaas word **(R 18 -3b))**

R 33 – omskryf die regte en verantwoordelikhede van die komitee en voorsien in reel 33-8 dat 'n komitee plaaslike reels mag afkondig op voorwarde dat n reel van gholf nie ignoreer word nie!

Besluit 33-8/34 bepaal dat 'n komitee nie 'n plaaslike reel mag afkondig om spelers verligting te gee van slagmerke ("divot holes") of sandgevulde slagmerke nie

Gerhard Neethling